
1.7.10
Werk
vir
n
regverdige
vrede
27
APRIL
1986
END
ECC

# Vusi se storie ...



Ek woon saam met my ma, twee broers en twee susters. Ek is 11 jaar oud. Ek gaan skool by die Laerskool Lkage. My lekkerste vakke is Engels en wiskunde. Ek hou van my onderwyseres want sy straf ons nie baie nie.

Eendag in Junie loop ek van die skool af huis toe. Toe sien ek 'n soldaat. Hy loop reguit op my af. 'Kom, kom', sê hy vir my. Ek vra toe wat hy wil hê. Hy sê toe ek het klippe gegooi en 'n paar busse aan die brand gesteek. Ek sê toe dat ek niks daarvan weet nie. Toe forseer hy my om saam met hom op 'n Hippo te klim.

Hulle vat my toe na die Wynbergse polisiestasie. Die polisie wou hê ek moes sê dat ek klippe gegooi het in die township. Ek sê toe ek het niks gedoen nie. Hulle het gesê hulle sal my slaan totdat ek die waarheid praat. Hulle begin toe om my met pype en met hulle vuiste te slaan. Hulle het my met hulle groot stewels geskop. Eers toe een van my tande uitval, het hulle opgehou.

**Vusi se storie is een van baie sulke stories. Hy het 57 dae in die tronk deurgebring. Hy het nog gelukkig daarvan afgekom. Die jeug is die toekoms van ons land. Waarom moet hulle soveel ly?**



# WAT IS VERPLIGTE MILITÊRE DIENS?

Alle blanke Suid-Afrikaanse mans word deur die wet verplig om 2 jaar lank in die Suid-Afrikaanse Weermag te dien. Daarna word hulle opgeroep om kampe te doen wat in totaal neerkom op nog twee jaar militêre diens. Onlangs is die wet só verander dat ook die kinders van immigrante ingesluit word.

## Wat is die doel van die veldtog Eindig Nasionale Diensplig/End Conscription Campaign?

**END/ECC** pleit vir die beëindiging van verpligte militêre diens omdat ons voel dat jong mans die reg moet hê om te kies of hulle in die SAW wil dien. Susters, moeders, trouens die hele gesin is by hierdie saak betrokke. Daarom werk ons beweging vir 'n verandering van die wet op verpligte nasionale diens.

**END/ECC** is teen die gebruik van soldate en veral van dienspligtiges in die swart woonbuurte.

**END/ECC** glo dat dienspligtiges die reg moet hê om te kies of hulle spesifiek militêre diens wil doen of nie.

**END/ECC** glo dat gewetensbesware deur die wet gerespekteer en erken moet word.

**END/ECC** glo dat 'n alternatiewe, nie-militêre diens vir almal oop moet wees.

**Diensverlening i.p.v. Diensplig**

# Werk vir 'n regverdige vrede

Vandeesmaand het duisende vrywilligers dwarsoor Suid-Afrika aan die werk gespring met konstruktiewe projekte gerig op hulpbehoewende gemeenskappe. Sommige het gehelp in kindertehuise, ander het huise vir bejaardes help verf en in Johannesburg het ons op 19 en 20 April 'n park help uitlê by 'n tehuis vir geestelik gestremde kinders in Eldoradopark.

Die veldtog Werk vir 'n Regverdige Vrede gee mense 'n kans om hul teenstand teen verpligte militêre diens te bewys deur mee te doen aan positiewe en simboliese dade. Dit gee 'n kans aan patriotiese jong mense om deel te neem aan opbouende gemeenskapsdiens wat rassegrense oorskry en brûe bou na 'n beter toekoms.

# WAT KAN JY DOEN?

Jy kan deelneem aan die veldtog vir 'n Regverdige Vrede tydens 'n nierassistiese piekniek

**SONDAG 27 APRIL**

**van 11 vm — 5 nm**

**by die DIERETUINMEER**

Kom saam: kom speel speletjies, kom bou vlieërs, kom skilder, kom sing saam met ons. Ons sien jou daar. Jy sal die kans hê om ouers en kinders van die townships te ontmoet. Bring jou eie piekniekkos, jou vriende en familie en deel in die plesier.

**AS JY MEER WIL WEET VAN END/ECC**
**Bel: Clare 649-9282**
**Annemarie 643-6405**
**David 337-6796**
**of kom na Khotso-Huis, De Villiersstraat 42, Johannesburg.**



Uitgegee deur END/ECC, De Villiersstraat 42, Johannesburg

WESTRO

**Collection Number: AG1977**

**END CONSCRIPTION CAMPAIGN (ECC)**

***PUBLISHER:***

*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.